

**LITANIE TOT DIE ALLERHEILIGSTE HART VAN JESUS**

| | |
|---|---|
| Here, ontferm U oor ons. | *Here, ontferm U oor ons.* |
| Christus, ontferm U oor ons. | *Christus, ontferm U oor ons.* |
| Here, ontferm U oor ons, | *Here, ontferm U oor ons.* |
| Christus, hoor ons. | *Christus, hoor ons.* |
| Christus verhoor ons. | *Christus, verhoor ons.* |
| God, hemelse Vader, | *Ontferm U oor ons.* |
| God die Seun, Verlosser van die wêreld, | *Ontferm U oor ons..* |
| God, die Heilige Gees, | *Ontferm U oor ons.* |
| Heilige Drie-eenheid, één God, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, Seun van die ewige Vader, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, deur die Heilige Gees gevorm in die skoot van die Maagdelike Moeder, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, één in wese met die Woord van God, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, oneindige Majesteit, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, heilige Tempel van God, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, tabernakel van die Allerhoogste, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, huis van God en poort van die hemel, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, gloeiende oond van liefde, Ontferm U oor ons. | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, skatkamer van geregtigheid en liefde, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, vol goedheid en liefde, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, koning en middelpunt van alle harte, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, bron van wysheid en kennis, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, waarin God in sy volheid woon, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, waarin die Vader welbehae het, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, waaruit ons oneindige rykdom ontvang, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, geduldig en ryk aan genade, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, vol teerheid vir ons, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, bron van lewe en heiligheid, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, versoening vir ons sondes, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, wat vir ons smaad verduur het, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, wat vir ons sondes gebreek het, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, wat tot die dood toe gehoorsaam was, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, wat met ‘u spies deurboor is, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, bron van al ons troos, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, ons lewe en opstanding, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, ons vrede en versoening, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, slagoffer vir ons sondaars, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, verlossing van dié wat op U vertrou, | *Ontferm U oor ons.* |
| Hart van Jesus, hoop van dié wat in U sterf, | *Ontferm U oor ons..* |
| Hart van Jesus, vreugde van al die Heiliges, | *Ontferm U oor ons.* |
| Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem, | *Spaar ons, Here.* |
| Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem, | *Verhoor ons, Here.* |
| Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem, | *Ontferm U oor ons.* |
| Jesus, sagmoedig en nederig van hart. | *Maak my hart soos u Hart.* |

**Laat ons bid:**

Almagtige en ewige God, let op die Hart van u Geliefde Seun en luister na sy bemiddeling om ons ontwil. Alhoewel ons U nie waardig is nie, tree Hy namens ons in en smeek Hy U om genadig teenoor ons sondaars te wees. In die Naam van Jesus Christus, u Seun, smeek ons U om genade te betoon aan diegene wat met ware berou u barmhartigheid verlang. Deur onse Here Jesus Christus, u Seun wat met U in die eenheid van die Heilige Gees, leef en regeer, God, tot in alle ewigheid.